

HEILBRON

HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

INWONERS GAAN HOES VIR KRAG



“Munisipale kragverbruikers moet hulle gereed maak om vanaf 1 Julie 2021 deur hul nekke te betaal vir krag”. So sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe, nadat die Ngwathe Munisipaliteit pas kennis van Eskom ontvang het dat die Nasionale Elektrisiteitsreguleerder (NERSA) ’n tariefverhoging van 17,80% aan hom toegestaan het ten aansien van kragvoorsiening aan munisipaliteite.

Eskom het hom vroeër na die Hoë Hof gewend nadat NERSA aanvanklik geweier het om die verhoging wat Eskom aangevra het, goed te keur. ’n Algemene verhoging van 15,06% is nou deur NERSA vir Eskom goedgekeur wat verhaal moet word binne sy finansiële jaar wat op 1 April 2021 begin. Omdat die munisipale finansiële jaar egter, anders as Eskom se eie, eers op 1 Julie begin en daar dus eers vanaf dan vir verhogings in munisipale tariewe begroot kan word, moet Eskom

die totale verhoging vanaf munisipaliteite verhaal binne die termyn waarin die twee begrotings oorvleuel – dit bring mee dat die tariewe dan vir munisipaliteite styg met 17,80% in plaas van die standaard tarief van 15,06%.

Volgens raadslid Van der Merwe sal die munisipaliteit benewens die verhoging wat hy aan Eskom sal moet betaal uiteraard ook sy eie tariewe verder moet aanpas om minstens vir inflasie daarin te voorsien. Die 2021/22 begroting is tans in proses van voorbereiding

vir voorlegging aan die publiek tydens die verpligte openbare deelname proses voordat die begroting teen einde Mei 2021 finaal goedgekeur moet word deur die Raad. Inwoners moet die pers dophou vir inligting

rakende die plekke en tye waarop openbare vergaderings vir die doel van insette oor die begroting gehou sal word. Insette kan ook per e-pos gedoen word aan budgetsubmissions@ngwathe.co.za.





**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE**

**Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135**
 Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
 E-pos: frankfort@bkbblouw.co.za
www.bkb.co.za
 Reg. No. 2503/026173/07



*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

GRONDPAAIË GAAN GESKRAAP WORD!



Daar is 'n helder lig in die tunnel vir grondpaaie in die Fezile Dabi distrik. 'n Kontrakteur is die taak opgelê om die grondpaaie wat op plekke onbegaanbaar is, reg te maak. Mnr April Mahlanya, nuut aangestelde Direkteur van Paaie en Vervoer, het die nuus gebreek tydens Maandag se begrotingsrede op Sasolburg. Volgens Mahlanya is die tender vir die skraap van paaie toegeken op 'n spesiale vergadering aan Magashule Civil Works van Parys, wat op hulle beurt weer gaan skakel met padverteenwoordigers van Vrystaat Landbou. Boere is omgekrap oor

die toestand van paaie en voel dat hulle grondbelasting in 'n put van vermorsing afgegooi word en dat hulle geen voordeel van die belasting ontvang nie. Goeie nuus is deesdae van korte duur en wil dit voorkom of grondeienaars 'n bykomende heffing gaan moet betaal alvorens die kontrakteur sal begin werk. Cassie Muller, voorsitter van Vrystaat Landbou op Heilbron, het heftig gereageer op die nuus en dit afgemaak as 'n April grap.

Foto erkenning: Elrike Strydom
- Fielies se Kiekies

DINK VOOR JY "POST" VRA RPO FORUM

RPO Veediefstal Forum waarsku oor Sosiale Media en verklarings. Sosiale media is die spreekbuis waarna mense hulle wend wanneer dit blyk asof niemand wil luister nie. Dit raak 'n tendens waar die wêreld die "gehoor" word vir die ongeregtigheid wat aangespreek moet word. Hierdie media kan as deel van jou kommunikasie jou vriend wees, maar wees versigtig dat die nie jou grootste vyand word nie. Die druk van 'n vinger op die slimfoon of rekenaar se sleutelbord kan skielik vir jou die binnekant van die tronkdeure oopsluit. In die verlede het woorde op papier inderdaad al menige outeur met eier op die gesig gelaat. Inleidend tot hierdie wil die Vrystaat RPO Veediefstalforum (VDF) lesers maan om sake deeglik te oordink voordat die pen opgeneem word om hulle misnoë uit te spreek. Daar is alternatiewe, veiliger kanale wat gevolg kan word.

Veediefstal is 'n probleem en het 'n groot negatiewe invloed op die Landboubedryf. Frustrasies en woede is 'n natuurlike uitvloeisel van sake wat sloer of onopgelos gelaat word. Dit laat ook die vraag ontstaan waar alles gaan eindig.

Vir hierdie rede is die VDF, die Nasionale Vervolgingsgesag asook SAPD Veediefstal-eenhede altyd beskikbaar om van hulp te wees. Die eerste stap wat gevolg moet word is om met die ondersoekbeampte te skakel betreffende die vordering wat met sake gemaak word. Weet egter dat die deure van die VDF altyd vir u oop staan.

Inligting wat op skrif deurgegee word moet die korrekte feite bevat en nie persepsies nie. Om 'n sisteem te beveg moet die inligting akkuraat wees. Verkeerde informasie rig onherstelbare skade aan. Plasing op sosiale media of verklarings kan in verhoor gebruik word en kan ondeurdagte plasing of verklaring die geloofwaardigheid van die outeur vernietig. Laasgenoemde is fataal vir 'n strafsak. Die gevolge van bogenoemde kan baie ernstig wees.

Met so 'n verklaring of plasing kan die klaer of getuie hom of haarself diskrediteer voordat hy of sy in die hof getuig het. Hierdie skrywe kan ook deur die regsvertegenwoordiger van die beskuldigde gebruik word in 'n strafsak en word die geloofwaardigheid weereens aangeval omdat daar nie konsekwente getuigenis is nie. Lesers word versoek om nie

VEILIGHEIDSHK WAS REDDING

Die veiligheidshek naby hulle slaapkamer het gekeer dat aanvallers nie by die egpaar kon uitkom nie. Chris (58) en Carien (57) Labuschagné van die plaas Palestina tussen Heilbron en Sasolburg vertel dat hulle honde Donderdagaand omstreeks 23:00 erg geblaf het, maar later weer stil geraak het. "Dit was natuurlik omdat hulle toe dood is". Daar kom gereeld rondloperhonde op die plaas en het hulle gedink dit is weer die oorsaak van die blaffery. Chris het 04:00 wakker geword van geluide binne die huis, 'n selfoonliggie en flitslig gesien skyn en sy vuurwapen gevat om te gaan kyk. Nadat hy om die hoek geloer het, het hy mans gesien staan by 'n veiligheidshek naby die slaapkamer. Hy het

twee skote afgevuur, waarna hulle gevlug het. Die aanvallers het by die motorhuis ingebreek om in die huis te kom waar hulle die diefwering na die kombuis oopgebreek het. Daarna het hulle die veiligheidshek gebreek en geslaag om tot by 'n tweede veiligheidshek te kom. Daar was binne 10 minute nadat Heilbron Beheer geskakel is, mense op die toneel. Slegs Carien se motorsleutel is gesteel en geen vingerafdrukke kon op die toneel gevind word nie. Hulle het later gevind dat die drie Labrador en twee Jack Russell honde vergiftig is. Chris boer deelyds en is ook 'n projekteur.

foto's van 'n misdadertoneel of verdagtes aan te stuur, hetsy die saak reeds voorgekom en die verdagtes aangekla is nie. Hierdie optrede kan veroorsaak dat 'n ondersoek belemmer word. Wees ingelig omtrent u verantwoordelikheid om akkurate nuus of inligting weer te gee, asook om u bronne te verifieer. Vergewis uself van die grense wat bestaan in terme van u reg op vryheid van spraak. 'n Belangrike saak om in ag te neem is dat indien u nie bereid is om te staan vir enige verklaring of plasing wat u gemaak het, of wil maak, dit eerder nie geplaas of gestuur moet word nie. U kan verantwoordelik gehou word daarvoor.

Die reg beskou enige plasing wat selfs net deur een persoon gelees is, as gepubliseerde inligting en kan vervolging hierop volg. Die doel van hierdie berig is om die Landbouers te verseker dat die RPO Veediefstalforum aandag gee aan alle navrae. Verklarings wat op skrif plaas geplaas word, moet die volle waarheid wees, en nie persepsies of aannames wat u eie geloofwaardigheid skade kan berokken nie. Vir verdere inligting of navrae is u welkom om 'n e-pos te stuur. epos : veediefstalrpo@gmail.com

Isabel Kruger (Voorsitter)
Vrystaat RPO Veediefstal-voorkomingsforum



AL JOU PAAS BESPARINGS!

SPAR

SOOS OP TV

Beacon Mylva-Eiers 36 **R64⁹⁹** Kry 'n ekstra **R5 af** (Kry 'n ekstra R5 af)

Baby Soft Toiletpeper (2-laag) 18 **R94⁹⁹** Kry 'n ekstra **R5 af** (Kry 'n ekstra R5 af)

SPAR Butcher's Best Geroosterde Rook Weense Worsies (Hoender, Chilli en Kaas uitgesel) 500 g **26⁹⁹** per pak

Liqui Fruit 100% Vrugtesap Versnit 2 liter **29⁹⁹** elk

Nescafé Classic, Strong, Brazil, Black Roast of Ivory Coast Flies (Koffieveny en Sortebroek uitgesel) 200 g **69⁹⁹** elk

SPAR Langweide Melk Volroom, 2% Lite-Vet of Algeensom 6 x 1 liter **74⁹⁹** per pak

SOOS OP TV

Ultra Mel **44⁰⁰** KOOP ENIGE 2 VIR

Danone Ultra Mel Via (Lite ingesel) 1 liter **50⁰⁰** KOOP 2 VIR

All Gold Yamatoesous 700 ml **80⁰⁰** KOOP ENIGE 2 VIR

Ola Rich 'n Creamy Roomys 1.8 liter

KOOK SOOS 'N MEESTER-SJEF

SPAAR TOT 75% op MasterChef aluminium kookware

SPAR

KOOP VERSAMEL SPAAR

***Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.**

beskikbaar by ongepaste SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgeleë) vanaf 30 Maart tot en met 5 April 2021, terwyl voorraad hou. Die behou die reg voor om hoeveelheid te beperk TV produkte landwyd beskikbaar. Nee beskikbaar in die Upington en Keimoes area, KwaZulu - Natal, die L.ewold of Beilart so die West of Oos - Kaap, Prysor en BTW is.



UIT DIE PEN

Die Geestelike leier wat ons in die klein Vrystaatse dorpie gehad het, het pappa die kindertjies laat vashou wanneer hy die doop bedien het. Ek sien dit nie gereeld nie. Die logika agter hierdie stap was omdat die pappa tradisioneel (en volgens die Bybel) die hoof van die huis is, en primêr is hy verantwoordelik vir die opvoeding van elke kind wat onder sy toesig geplaas word.

Daar is gesinne wat, as gevolg van verskeie redes, ongelukkig nie 'n pappa in die huis het nie. Soms spring 'n oupa of oom of iemand betroubaar in om die manlike gesagsfiguur oor te neem. Ander gesinne vind ander maniere om so 'n gesagsfiguur in die gesin te inkorporeer.

Die afgelope vyf of ses jaar het ek meer bewus geword van pappas wat met hulle kleuters hand-aan-hand stap. Of met hulle sit en speel. Ek sien hulle in die winkelsentrums: pappa wat soms 'n klein, pap babatjie teen die skouer dra terwyl vroulied die inkopies doen (seker darem met pappa se kredietkaart, hoop ek). Soms loop pappa en kinders deur die rakke en pappa moet verduidelik

waarom elkeen van die kinders nie elke lekker of elke speelding kan kry wat te koop is nie.

Baie van hulle doen dit baie geduldig. Ander is nie so geduldig nie. Wat my laat dink het aan die mamma wat met haar baie besige kleuterdogter winkel toe is. Jy weet mos hoe dit klink as 'n kleuter 'n tantrum gooi. Wel, dié kleuter was 'n absolute professionele tantrumgooier. Die mamma het deurentyd baie mooi met die dogtertjie gepraat.

“Toemaar, Annelie, ons is nou-nou by die huis. Nee, Annelie, moenie so maak nie. Ag, Annelie, hou net nog so bietjie uit. Annelie, jy kan nie nou dit doen nie.

Annelie, die mense kyk vir jou.” Daar was 'n ouerige tannie wat agter die mamma aangeloop het, en in verwondering geluister hoe geduldig die mamma met die dogtertjie praat. Nadat altwee klaarbetal het, wag die tannie by die winkeluitgang.

“Askies, my kind, tannie kon nie help om na jou te luister nie. Ek wil jou net komplimenteer omdat jy sò geduldig is met jou dogter, jy is regtig bewonderingswaardig.” “Hoe bedoel tannie nou?” Die mamma was effens verbaas oor die opmerking.

“Jy praat so mooi met Annelie en is baie geduldig wanneer sy so bietjie stout raak,” sê die tannie. “Tannie verstaan nie.” Sy wys na die kleurtjie: “Hierdie is nie Annelie nie, ék is Annelie. En as ek myself nie so moed inpraat nie, foeter ek haar sommer in hierdie winkel.”

Nietemin, wanneer ek sien hoe gesinne dit geniet om bymekaar te wees, verteder my hart. Ons was onlangs by die kus toe ek twee pappas sien wat plat in die vlak water sit met boetman tussen hulle bene, veilig teen die golfies. Wanneer 'n klein golfie nader kom, gil en jil die kleintjies en geniet die water wat oor hulle spoel. Die pappas hou hulle stewig

WEEK DERTIEN VAN 2021

vas.

Is dit nie wat ons met die opkomende Paasfees moet vier nie? Die feit wat ons ook 'n Pappa het wat ons vashou. En al kom die golwe, wat klein of groot mag wees, oor ons gespoel, het ons steeds iemand wat ons kan vashou. Ongeag en ten spyte van.

Ons het 'n Pappa wie se hand ons kan vashou, en as ons hande glip, weet ons dat Pappa se hand altyd ons s'n vashou. Vir ewig en ewig.

Terug by ons Oos-Vrystaatse gemeente: vir omtrent 12 jaar het ons nooit met Paasnaweek weggegaan nie. Deels oor die padverkeer, maar ook omdat ons daarna uitgesien om die Pase saam met ons gemeente te vier.

Soms was dit 'n hele Paasweek, ander kere het ons fees vanaf Donderdagaand tot Sondagmiddag gestrek.

Een jaar het ons op die Donderdagaand 'n Passiespele op die planke gebring wat alle verwagtinge oortref het.

Die Sondag voor die Paasnaweek is dit Palmsondag. Elke gemeentelid kry 'n palmtakke of kruis gemaak uit 'n palmtak. Dit was die dag toe Jesus Jerusalem op 'n donkie binnegekom het en die mense Hom vereer het deur hulle klere en palmtakke op die pad voor Hom te gooi.

Donderdagaand was daar gewoonlik 'n nagmaal of 'n pasgaete, so tradisioneel moontlik.

Vrydagoggend se erediens neem die vorm van 'n begrafnis aan. Selfs die kerkklokke word gelui soos vir 'n begrafnis. Die liedere wat gesing word, is meestal in 'n mineur en baie treurig. Die kruiswoorde word gelees met 'n hartseer, maar gewyde stilte tussen

elkeen. Die ligte van die kerk word afgesit en die gemeente stap stil uit, geen vriendelike geselsies nie, want ons herdenk die dood van ons Verlosser. Saterdag is 'n stil dag, geen partytjies nie.

Sondag is 'n feesdag! Die gemeente gaan gewoonlik net voor sesuur na die randjie buite die dorp. 'n Paar jaar gelede het die gemeente 'n groot kruis daar opgerig. Almal staan agter die kruis en kyk uit oor die dorp en die omgewing. Die predikant lees hoe die dissipels bymekaar was en verslae gewag het dat die son moet opkom. Die gemeente wag totdat die son opkom, sing 'n lied of twee. Elkeen kry 'n tradisionele paasbolletjie en koffie.

Later die oggend is daar 'n erediens in die kerk gehou: die klokke beier oor die dorp en daar heers 'n feestelike atmosfeer: Het julle gehoor? Ons Jesus se graf is leeg!

Hoekom wil jy dit mis deur jouself te frustreer op paie vol slaggate met mense wat soos otterjasies bestuur? Gebruik die tyd om Paasfees tuis te spandeer en elke dag saam met die kerk (of net as 'n huisgesin) te vier: vandat ons Verlosser Jerusalem ingekom het, totdat Maria Magdalena agtergekom het dat die Man wat sy as die tuinier aangesien het, eintlik ons Verlosser is.

Mag jy hierdie naweek ervaar dat jy, soos met pappas en hulle kleuters, veilig in Jesus se arms is. As dit nie so voel nie, is dit nie omdat Jesus nie daar is nie, dit is omdat jy nie by Jesus is nie.

Geseënde Pase!

KENNISGEWING

VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T7606/1976** gepasseer deur **IZAK JOHANNES JANSE VAN RENSBURG IN SY HOEDANIGHEID AS DIE EKSEKUTEUR IN DIE BOEDEL VAN WYLE MARIA JACOBA JANSE VAN RENSBURG**, gebore Cronje, Nr. 761/76 handelende kragtens Eksekuteursbrief uitgereik deur die Adjunk Meester van die Hooggeregshof van Suid-Afrika te Bloemfontein op 7 Mei 1976 ten gunste van **IZAK JOHANNES JANSE VAN RENSBURG**, gebore 22 Mei 1943, ten aansien van sekere **GEDEELTE 2 VAN DIE PLAAS TWEESPRUIT 927, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT** wat verlore geraak het of vernietig is. Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing. Gedateer te Reitz op hede die 30ste dag van Maart 2021. **BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS SAREL CILLIERSSTRAAT 29 REITZ, 9810 bligwes06@gmail.com Tel: 058 863 2884/5**

JAARBEPLANNER

April 2021

30 Apr. NG Kerk Suid (Verkopings)

Mei 2021

28 Mei NG Kerk Suid (Verkopings)

Julie 2021

30 Julie NG Kerk Suid (Verkopings)

Augustus 2021

6 Aug. NG Kerk Suid (Basaarverkoop)

13 Aug. NG Kerk Suid (Basaarverkoop)

20 Aug. NG Kerk Suid (Basaarverkoop)

28 Aug. NG Kerk Suid

(Basaar / Saamkuier geleentheid)

Oktober 2021

1 Okt. NG Kerk Suid (Verkopings)

Desember 2021

4 Des. NG Kerk Suid

(Gholfdag en Kersmark)

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk. Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron

BEDANKING

Hiermee wil ons graag ons bure, SAPD, Heilbron Beheer, John Keogh en sy span bedank vir hulle vinnige optrede tydens die plaasaanval Vrydagoggend. Baie dankie ook vir elke besoek, oproep, WhatsApp en ondersteuning, dit word opreg waardeur. Alle eer aan ons Hemelse Vader dat Hy ons bewaar het. **Chris & Carien**

Ondervind u probleme om duidelik te hoor?

HEAR4LIFE, 'n gehoorpraktijk van Pretoria, besoek Heilbron weer op

VRYDAG 9 APRIL 2021.

Gehoortoetse en apparate teen

Mediesefonds tariewe.

PLEK: TUISBESOEKE PER AFSpraak

Skakel /WhatsApp Ria 063 959 3028 vir afsprake.

POSTNET HEILBRON Besigheidsure


Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30

Saterdag:
09:00 -12:00

Elsstraat 42 HEILBRON
Tel: 058 853 0006

AANKOOP VAN SPEENKALWERS

Aankoop van alle speenkalwers. Kontak Jannie Bornman 072 287 4111 • Heilbron




GiG Technologies

• Alarm Systems • Web Development

• Computer Products • Internet Services

• Computer Repairs • CCTV Installations

Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993
Email: info@gigtechnologies.co.za



DIENTE SMALLS

Andries Muller
072 447 7446
Vrystaat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

**MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK**

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf
sny tot baal. 1.2m bale (tou/net).

Velde of wen-akkers.

Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.

Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of

Piet Meiring 082 571 4191

peerlandhandel@gmail.com

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir
enige Lewendehawe
bemarking, Uit-die-
hand-transaksies of
veiling navrae!



BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week
oop vir die publiek en die tye is as volg:
MAANDAE TOT VRYDAE -
09:00 - 13:00 (Volwassenes) en
14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag
& openbare vakansiedae.

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

**Vir die beste
transaksies en diens**

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159



NEEM KENNIS

KENNISGEWING: Vanaf 1 Mei 2021 word die perseel in Unieffesstraat 35, Reitz gebruik vir 'n ten volle toegeruste begrafnisondernemer. Indien u enige beswaar het rig 'n geskrewe vertoë aan A & A Begrafnisdienste, Posbus 60, Petrus Steyn, 9640 of 'n e-pos aan sanja@aafuneralservices.co.za voor of op 15 April 2021.

NOTICE:
From 1 May 2021, 35 Unieffes Street will be used for a fully equipped Funeral Parlour. Please send any objections in writing to us at A & A Funeral Services P.O. Box 60, Petrus Steyn, 9640 or email us sanja@aafuneralservices.co.za before or on 15 April 2021.

COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEE?

Heilbron se bevestigde gevalle staan op 802 soos aangedui in die nuutste getalle ontvang op 29 Maart 2021 vanaf die Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste. Heilbron Herald het die 26ste Maart berig dat Heilbron op 'n totaal van 794 bevestigde gevalle gestaan het teen 23ste Maart. In die ses dae tydperk is daar 8 gevalle bygevoeg. President Cyril Ramaphosa het die land toegesprek Dinsdagaand en die

volgende tydelike regulasies geld oor die Paastydperk.

- 'n Verbod op alkoholverkope is ingestel vir vier dae van 2-5 April.
- Drankverkope vir die verbruik op perseel (soos restaurante ens.) word egter toegelaat.

- Meer mense mag byeenkomste bywoon: Binnenshuis = maksimum 250 mense (of 50% van lokale se kapasiteit) en in die buitelug = maksimum 500 mense.

Die volgende regulasies bly onveranderd:

- Openbare ruimtes bly oop.
- Dieselfde aandklokke geld (00:00-04:00).
- Begrafnisse mag steeds net deur maksimum 100 mense bygewoon word.
- Interprovinsiale reis word toegelaat.
- Dra van maskers steeds verpligtend.

Die Fezile Dabi distrik staan op 'n totaal van 11 085 bevestigde gevalle sedert Covid-19 die land getref het. Dit is vandag dag 371 van die inperkingsperiode en teen druktyd was die jongste getal koronavirusinfeksies op 1 546 735 en die dodetal op 52 788. Altesaam 1 473 588 mense het reeds herstel. Daar is tans 20 359 bevestigde aktiewe Covid-19-gevalle in die land.

HERALD

SPORT

SIT JOU AAS AAN, GEREED, HENGEL!

Kleuterkasteel op Heilbron het Saterdag weer hulle jaarlikse visvang-kompetisie aangebied ten bate van die skool. Die vissermanne het geleentheid gehad om groot pryse te wen en vir diegene wie se nette leeg gebly het, was daar ook kans om 'n geskenk te kry met die gelukkige trekkings. Daar was 'n totaal van 80 kaartjies verkoop vir hierdie kompetisie wat op Herman Claasen se plaas Inloop, aangebied was en het die volgende persone in die onderskeie kategorieë gewen.

Mans:

Johnny Fourie: Grootste Barber (20.64kg), grootste Karp en grootste Onderbek.

GP Rossouw: Grootste Graskarp

Dames:

Christa van Wyk: Grootste Barber en grootste Onderbek.

Annari van Dorsen: Grootste Karp

Yolande Rossouw: Grootste Graskarp

Juniors:

Nathan Kotze: Grootste Barber

Luan Rossouw: Grootste Karp

Wennse van gelukkige trekkings:

Nicky van As

Stroebe Rossouw

Tiané Fourie

Yolande Rossouw



Op die foto agter vl: Nicky van As, Johnny Fourie, Yolande Rossouw en Annari van Dorsen. Voor vl: Nathan Kotze, Stroebe Rossouw, GP Rossouw en Christa van Wyk.

F.T.C.

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Viliers Avenue 12 • Frankfort • 9830

www.ftcfrankfort.com

**BRAKES
&
CLUTCHES**

**HYDRAULIC
HOSE
ASSEMBLIES**

Willem : 072 647 1074	Parts : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206	Landline : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096	Email : ftcfrankfort@gmail.com



PAARL KAMPIOENSKAPPE WINK VIR BRITS BROERS

Handré (Bees) en Tiaan Britz het weereens hulself bewys. Hulle het Saterdag 27 Maart op Sasolburg in die vyfde en finale rondte van die Vaaldriehoek Atletiek nog 'n goeie vertoning gelewer en met hul persoonlike beste afstande afgesluit. Bees behaal 'n 12m vir gewigstoot, diskus 38,44m en 33,41m vir spiesgooi.

Tiaan behaal 13,16m vir gewigstoot, diskus 40,82m en 46,03m met die spiesgooi. Hulle altwee is gekies om in Paarl vir ASA kampioenskappe te gaan deelneem vanaf 7 - 10 April.

BKB Louwid

Die komende week se
BELANGRIJKSTE veilings

DINSDAG - 6 APRIL 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

BETHEHEM: SONOP BOEREVERENIGING
REUSE VEEVEILING
11:00, Rietpan
Kontak Sakkie van Rensburg 082 562 0937

WOENSDAG - 7 APRIL 2021

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

DONDERDAG - 8 APRIL 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

VRIDAG - 9 APRIL 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

Heilbron Herald VIR AL JOU BENODIGDHEDE

Jaarblaai • Prospektusse •
Strooibiljette & Brosjures •
Besigheidskaartjies • NCR
Boeke • Stempels • Alle
Skryfbehoeftes • Laminering •
Stuur & Ontvang E-pos • Fakse
• Fotostate • Kantoortoerusting
• Skoolbenodighede • Canvasses
• Magnete • Banier • Plakkers
• Advertensies op Motor-
voertuie • Winkel- en Plaas-
naamborde • Veiligheidsborde •
T-hemde • Korporatiewe- en
Werksklere • Kepse • Promosie
Produkte • Borduurwerk • en
nog vele meer!

058 852 3033
Elsstraat 44, Heilbron, 9650

AP Kerk Heilbron Gholfdag

24 April 2021

Skape, bokke en vele
meer pryse te wen

Heilbron Gholfklub
Beprikkings: Gerrie Muller 083 5207818

Inskrywing: R 300 per speler

Formaat: Best drive Better Ball

Afsaai: 10:30 vir 11:00 (Shotgun start)

Halfweg- en aashdte ingesluit